JOHAN VAN DER MERWE johan.vandermerwe@landbou.com

Die paprika van mnr. Stephan Niemann se De Rust-boerdery naby Stella in Noordwes toon geen tekens van vorige jare se bolwurmprobleem nie nadat hy biologiese produkte begin aanwend het. FOTO'S: VERSKAF

PLAASINLIGTING



LIGGING: Stella, Noordwes

1 Eienaar: Stephan Niemann

NAAM: De Rust-boerdery

GROOTTE: 3 000 ha

VERTAKKINGS: Bonsmara-tipe beeste, mielies, soja, paprika

REËNVAL: 450 mm per jaar

GRONDTIPE: Avalon met 10% klei-inhoud

2 Eienaar: Pieter de Villiers

NAAM: Appelkoosboom-boerdery

GROOTTE: 1 500 ha, waarvan 68 ha besproei word

VERTAKKINGS: Mielies, Bruin Switser-beeste, paprika

REËNVAL: 315 mm per jaar

GRONDTIPE: Avalon met 12% tot 15% klei-inhoud

KORTOM

- Bolwurmplae het paprikaboere in Noordwes se winsgewendheid bedreig weens ondoeltreffende bestrydingsmiddels.
- Eers toe hulle met biologiese produkte begin eksperimenteer het, het hulle gesien daar is 'n oplossing vir die enorme verliese.
- Dit is nietemin belangrik om te verstaan hoe die biologie agter die produkte werk en 'n goeie verhouding met jou verskaffer op te bou sodat jy pasgemaakte programme vir jou omstandighede kan ontwikkel.

Bolwurm se tande getrek

Ná baie skade en enorme rekeninge vir chemiese middels het biologiese produkte die oplossing vir probleme met bolwurm vir paprikaboere van Noordwes gebring.

Twee raadop boere wat 'n oesverlies van 20% weens bolwurm gely het, kon danksy doeltreffende biologiese middels nie net die plaag bestry nie, maar ook hul opbrengs meer as verdubbel.

"Ons het super-wurms geteel," sê mnr. Stephan Niemann, wat in die omgewing van Stella in Noordwes paprika verbou. "Ons was later so desperaat dat ons chloorpirifos en peritroïed gemeng het, maar niks het gehelp nie. Ons het seisoen ná seisoen tot 20% van ons paprika-oes aan wurms verloor."

Volgens mnr. Pieter de Villiers, wat ook met paprika naby Stella boer, het die stygende koste van chemiese middels en die verliese aan opbrengs weens weerstandige wurms 'n wesenlike uitwerking op die winsgewendheid van sy paprikaboerdery gehad.

Om die wurms se lewensiklus te verbreek, het Stephan die ganse groeityd lank drie maal elke 24 dae chemiese middels gespuit. "Ek was op 'n siklus van sewe dae, sewe dae en tien dae tussen elke toediening. My rekening vir chemiese middels was in 2014 meer as R1,5 miljoen," sê Stephan.

Pieter het toevallig in 2014 met mnr. Jaco Meyer van Metanoia Agri kontak gemaak. "Ek het die verkeerde nommer geskakel en ons het aan die gesels geraak oor bolwurmprobleem. Hy het Wormguard voorgestel en